


Faktore Wat Kultivarkeuse Beïnvloed



Kultivar beplanning is 'n integrale deel van die reseps vir suksesvolle produksie van canola. Die besluitnemingsproses word egter dikwels slegs op 'n paar faktore soos opbrengs data, saadkoste en onkruidbeheer-strategie gebaseer en word verskeie ander belangrike aspekte geïgnoreer, wat 'n wesentlike impak op die uiteindelijke opbrengs van canola kan hê.

Met die groei van die canola bedryf die afgelope paar jaar, is gevind dat die uitbreiding van hektare dikwels plaasvind in gebiede waar voorheen weinig of geen canola verbou is nie. Faktore soos reënvalpatrone en temperature tydens die blom tydperk moet in ag geneem word wanneer daar op 'n reeks van kultivars besluit word. Deeglike beplanning moet gedoen word met die inagneming van die plantdatum en die groeiseisoen lengtes van kultivars ten einde te verseker dat die produsent nie tydens oestyd oorweldig word met 'n groot hoeveelheid hektare wat gelyk oesgereed is nie. Die verliese tydens oes bly steeds een van die grootse uitdagings met canola produksie en is waarskynlik die een faktor wat in die meeste gevalle die verskil tussen 'n uitstekende en gemiddelde opbrengs teweeg bring.

Kamp geskiedenis, onkruid status en –beheer strategie en die wisselboustelsel wat gevolg word, het ook 'n belangrike invloed op die kultivar keuse wat gemaak word. Hier is dit veral nie net belangrik om te kyk watter chemie geruik gaan word nie maar ook spesifiek die spesifieke swartstam weerstandgeen van die beskikbare kultivars. Die swam wat swartstam op canola veroorsaak het 'n geslaglike voortplantingswyse en is derhalwe baie effektief om die genetiese weerstand van kultivars te oorkom. Soos met die wisseling van chemie, om die effektiwiteit van middels teen onkruid te beskerm, moet kultivar keuses ook die weerstandgeen van kultivars in ag neem ten einde te verseker dat die weerstand van canola teen swartstam, behoue bly.

Deeglike beplanning met keuse van kultivar is van uiterste belang en het ongetwyfeld die grootste invloed op produksie van alle besluite wat die produsent neem. Alle faktore, nie net die opbrengssyfers, moet in ag geneem word ten einde die maksimum potensiaal te ontgin uit elke hektaar canola op die plaas.

Agricol Canola Risikopakket

Kombinasies van kultivars, om die wisselvallige reënvalpatrone en die invloed daarvan op saaityd en oestyd, te hanteer, bly seker een van die belangrikste praktyke om risiko te verminder. Deur hektare onder verskillende kultivars te verdeel verminder die kans dat jou kultivar keuse nie strook met jou voorspelling van hoe lank dit gaan aanhou reën en watter temperature tydens blom ondervind gaan word nie.

Die kombinasie van Agamax, Garnett en Tango bied juis hier die wisseling in groeiseisoen lengte wat hierdie belangrike aspek aanspreek. Met Agamax en Garnet is daar verseker beproefde data oor jare ingesamel wat duidelik hierdie kultivars se opbrengs stabiliteit oor jare met verskillende reënval patrone, sterk beklemtoon. Die insluiting van Tango wat 'n ultra-kort kultivar is, bied vêrdere verskansing teen reënval wat vroeg kan afsny, maar bied ook die addisionele voordeel dat dit die druk in oestyd vêrder kan verminder deurdat Tango waarskynlik 'n week tot 10 dae voor enige ander kultivar gereed sal wees om te oes.

Garnet (A), Agamax (AB) en Tango (B) bied vêrder die opsie dat wisselende weerstandgeen aangewend kan word om die swartstam weerstand van canola te beskerm.